

Skriflesing: Jakobus 3:1-12

Heidelbergse Kategismus: **Sondag 43**

Teks: Johannes 18:37b

Sing- SAMESANG: Ps 12:1,2,6 / Ps 15:1,2,3

TYDENS EREDIENS: Ps 34:6; Ps.19:7; Ps 119:57

Broeder en suster, hierdie gebod is die enigste gebod waar die Kategismus in die verklaring van die Wet die duiwel by name noem. Dit wys ook aan ons hoe direk die duiwel aan die werk is as dit kom by die oortreding van die negende gebod. Die oervertalings van die Kategismus het dit nog sterker gestel. Lieg en bedrieg word as die *duiwel se eie werke* bely...

In Sondag 42 het ons reeds ook wou wys hoe die agtste gebod by die wingerd van Nabot hom getref het. Agab wat eintlik Nabot se wingerd gesteel het. Hy vat grond wat glad nie aan hom behoort nie, maar nie net het Nabot onder die oortreding van die 8ste gebod gely nie, maar kyk watter gemene daad het Agab se vrou ook teen Nabot gepleeg. Met die 8ste gebod het hulle ook die 9de gebod totaal oortree. Daar word valse getuienis in die volksvergadering van Samaria versprei dat Nabot teen God en die koning sou gelaster het. Dit het Nabot sy lewe gekos, hy is op grond van hierdie valse woord, hierdie valse getuienis is hy gestenig. So verloor hy eers sy lewe en toe sy grond. So gevaarlik en behendig is die duiwel. Behendig in terme van oortreding van die 8ste gebod, gevaarlik in terme van oortreding van die 9de gebod. Van die eerste diakens op aarde, Stefanus het ook op grond van die oortreding van hierdie gebod sy lewe verloor. Daar was valse getuies wat hom daarvan beskuldig het dat Stefanus lasterlike dinge teen die tempel en die wet spreek, terwyl al wat Stefanus gepraat het die waarheid was. Stefanus het net duidelik verkondig dit wat Jesus duidelik gesê het- hoe hierdie plek, die tempel afgebreek sal word.

Geliefdes, daarom dat ons by al die gebooie van die Here ook hierdie besondere gebod ontvang het. Die Here wil ons op alle gebiede en ten alle koste beskerm. Dit moet ons reeds vanaf die vyfde gebod kon raaksien. Die Here het in die 5de gebod met ons ouers begin. Eer hulle, hulle wat die naaste aan jou is. As ek aan my ouers liefde en trou bewys dan word daar al so 'n groot deel van die lewe wat jy moet ingaan reggestel. In die sesde gebod was ons met die lewe van ons naaste gekonfronteer. *Jy mag nie*

doodslaan nie... Jou naaste het sy lewe net so nodig soos wat jy joune het. Die sewende gebod beskerm jou en my huwelik, ook die naaste se huwelik word beskerm. Lewe en huwelik staan langs mekaar. Soos wat ons mekaar se lewens moet kan beskerm so moet ons ook mekaar se huwelike in alles respekteer. Die huwelik is vir die Here so belangrik soos wat mense se lewens belangrik is.

In die agtste gebod plaas die Here ons eiendom en besittings, ons geld en hoe ons geld maak onder beskerming. 'n Mens sou eintlik van hier dadelik na die tiende gebod wou oorgaan. Die tiende gebod wat diep die hart indring. Maar tog staan hier éers die negende gebod. Die Here weet hoe belangrik ook hierdie gebod vir ons is. Nog vóór Hy my hart ingaan, word daar oor wat ek sê en dink gehandel. Dit wat ons woorde voor mekaar, onder mekaar en van mekaar is, al die woorde selfs dit agter mekaar, dit wat ons agter ander se rug spreek, is so belangrik dat die Here 'n aparte gebod daarvoor gegee het. Met my woorde kan ek my liefde tot my naaste op die spel plaas.

Die gesproke woord het in hierdie wêreld 'n geweldige krag. Daarmee kan ek selfs my naaste maak of breek. Die Here weet al hierdie dinge en daarom is die gebooi ook so saamgestel dat voordat die Here nog na ons harte wil deurdring wil die Here dat ons ook mekaar deur die gevaar van leuenagtige woorde moet beskerm. Die verskriklike krag wat die leuen in die samelewing het is inderdaad duiwelse krag. Daarteen moet ons beskerm word!

Wanneer die Wet van die Here so tot ons kom moet ons nie vir 'n oomblik vergeet dat dit is eintlik die evangelie van God wat tot ons kom. Tussen wet en evangelie is daar geen spanning nie, intendeel, ons moet God se liefde so sterk in sy Wet raaksien, dat ek elke oomblik sal onthou dat God se liefde is in sy reg gesetel. Om God se liefde te verklaar is ook om regspraak te doen. Die liefde van God en die reg van God is in geen spanning met mekaar nie. Die gebooi wat ons almal tot nou toe hanteer het, vanaf die vyfde gebod tot hier, is God se heilige “apparaat” waarin Hy ons roep om ook die regsorde in ons lewens veilig te stel. Die werklike diepe sin en betekenis van die negende gebod is

dan ook die handhawing van die regsorde van God. Al die dinge wat God ook aan my naaste wil skenk, dinge wat God ook aan my geskenk het, dit word veilig gestel.

Daar is 'n geweldig belangrike onderskeid tussen hoe die wêreld menseregte vertolk en tog het God die mens wel regte gegee. God wat waak oor gesag, God waak oor ons lewens, God wil deur die huwelike oor ons gesinne waak, God waak ook oor my besittings, Hy waak oor my goeie naam. Dit alles bymekaar getel maak dit baie duidelik dat God wil ook vir my 'n plek onder die son gee. God gee aan my baie regte, te veel om op te noem, maar nou kom die verskil tussen wat ons land 'n handves van menseregte noem en dit wat God se Woord ons leer.

Dit gaan nie oor my regte wat ek eenvoudig wil opeis en ten alle koste wil afdwing nie, selfs met dreigings en stakings nie, dit leer die Here ons nêrens nie. Kyk weg van jouself, selfverloëning bly die gelowige se groot verantwoordelikheid, en sorg dat jy daarop uit is om vir die regte van ander op te kom. As ek vir die regte van die ander een opstaan en ek wil dat my naaste sy plek in die samelewing moet kan inneem en ons aanvaar vir mekaar verantwoordelikheid hiervoor, weereens op grond van die Here se verbond dan het ons 'n duidelik gedeelde verantwoordelikheid. Ek moet wil sorg dat die regte van my naaste tot ontplooiing moet kom. Selfs as daar dan 'n klag of valsheid teen my naaste ingedien word dan moet ek wil sorg dat hy nie aan die willekeur en grille van ander mense oorgelaat word nie. Ek moet bereid wees om vir my naaste in sy/haar grootste uur van nood onder die beskerming van die reg te neem.

Dit is waaroor hierdie gebod ten diepste handel. In sy letter maar ook in die sin hiervan is dit so belangrik dat ek nooit die reg mag misbruik ten koste van my naaste nie. Die Wet is vir die handhawing van die reg gegee, nie vir die misbruik daarvan nie. Reg kan inderdaad misbruik word. Daarom moet ek altyd waak om ook geen valse klag teen mense in te dien nie. As die Here dit spesifiek so bewoord dat ek geen valse getuienis mag gee nie dan openbaar dit klaar iets baie dieper as bloot dat ek nie mag lieg nie. 'n Getuie is tog iemand wat in 'n regsak of in 'n verhoor moet funksioneer. Op grond van sulke getuienisse word 'n ander mens se hele lewe geraak. Ja 'n mens se hele lewe, jou

hele reputasie, jou hele waaragtigheid kan in die gedrang kom oor die getuienis wat iemand anders oor jou gee. Kan u daarom insien hoe belangrik hierdie gebod is en hoe belangrik dit ook dan dien as dit gaan om die handhawing van die totale regsorde. 'n Regsorde wat deur God daargestel is en wat ons in alle opsigte moet raaksien, moet onderhou en moet handhaaf.

Mense se woorde het sulke geweldige mag. Daarin is selfs duiwelse magte as jy met leuens besig is. In Johannes 8:44 het Jesus dit vlymskerp gestel. As die Here met die Jode praat dat julle wat nie die waarheid praat nie, wil nie die Here as julle Vader bely nie. Julle het die duiwel as vader. Alles wat leuens is, is nie uit God nie maar uit die duiwel. Die Satan is van die begin af 'n mensemoordenaar en die duiwel staan nie in die waarheid nie en daar is geen waarheid in hom nie. Die duiwel word dan ook die vader van die leuen genoem. Om leuens te verkondig is om met die duiwel se eie werke besig te wees.

As ons hierdie gebod in sy ware betekenis raaksien, geliefdes, dan gaan dit daaroor dat ek moet kan reg spreek. Om reg te spreek is om regspraak te doen, en dit gebeur beslis nie net in 'n hof nie. Ek moet nie net die reg van my naaste in 'n regsak wil verdedig nie, maar in elke dag se gewone lewe is ons geroep om reg te spreek. In die klein dingetjies maar ook in die groot dinge geld die opdrag om reg te spreek ewe swaar. Die apostel Jakobus neem dan ook die klein lit van ons liggaam, die tong, behoorlik onder hande. Om 'n perd in toom te hou moet daar 'n stang in sy bek wees, om 'n grote skip reg te laat vaar moet daar in verhouding tot die skip 'n klein roer aan sy voorkant wees. So moet die tong as 'n klein lit gesien word, maar wat soos 'n enkele vuurhoutjie 'n groot hoop hout aan die brand kan steek. Wanneer die tong met sy vuurwerke begin dan wys Jakobus ook op die duiwelse karakter daarvan. *Hy sê dit besmet die hele liggaam en steek die hele lewensloop aan die brand en word uit die hel aangesteek.* Hoe kan 'n mens met dieselfde tong waarmee ek God loof ook ander mense vloek, mense wat na die beeld van God geskape is.

Die sin van die negende gebod moet ons dan heeltyd besef dat ek uit liefde ook oor die reg van my naaste moet kan waak. Paulus wys egter in Romeine hoe ons eerder mekaar nie respekteer nie, maar wil vertrap. Rom.3:12-14- *Hulle het almal afgewyk, saam het hulle ontaard. Daar is niemand wat goed doen nie, daar is selfs nie een nie. Hulle keel is 'n oop graf, met hul tonge pleeg hulle bedrog, die gif van adders is onder hulle lippe. Hulle mond is vol vervloeking en bitterheid.* Wanneer my keel soos 'n oop graf is dan is 'n groot oorsaak dit wat die graf voorafgaan, my tong aan die begin van my keel. Ons wil mekaar hierdie graf instamp, net wanneer ons baie keer ons monde begin oopmaak. *Valse lippe is vir die Here 'n gruwel* (Spr:12:22) Net in die volgende hoofstuk dan sê die Here in Spreuke 13:5- *Die regverdige haat leuentaal.* Ons goeie naam is vir ons kosbaar. Soos die Prediker dan ook sê – *'n Goeie naam is beter as goeie olie...*

Geliefdes, maak nie saak van watter kant daar ook na hierdie gebod gekyk word nie. In die kern bly dit staan dat ek die waarheid moet liefhê. En dit is nie 'n wanhoopsgedagte, 'n wanhoopsvraag as ek vir u sou vra- WAT IS DIE WAARHEID! Pilatus roep in wanhoop uit- *Wat is waarheid...* Ons kan en mag en moet met sekerheid die waarheid ons eie maak. God is die waarheid. Die Bybel is die boek van die waarheid. Christus is die weg, die waarheid en die lewe. Met dieselfde Gabbata-gebeure waar Pilatus probeer om sy skouers op te trek deurdad hy vra wat is die waarheid- dan stel Christus Hom direk teenoor Pilatus met die getuienis wat ons so duidelik kan hoor- *Hiervoor is Ek gebore en hiervoor het Ek in die wêreld gekom, om vir die waarheid te getuig. Elkeen wat uit die waarheid is, luister na My stem...*

Sonder Christus kan niemand werklik in die waarheid lewe nie. Wie hierdie Waarheid aanneem, die waarheid dat die Woord vlees geword het, so iemand kry die mag om kind van God genoem te word. Ons is dan kinders gebore uit die waarheid vir die waarheid. Die waarheid woon onder ons deur Christus wat deur sy Gees onder ons woon. Ons as kinders vergeet nooit in wat die Here ook vir ons in Johannes 1:12 sê- *Ons het sy heerlijkheid aanskou, 'n heerlijkheid soos van die Eniggeborene wat van die Vader kom- vol van genade en waarheid.* By Christus hoor ons werklik wat die waarheid is, want Hy is die waarheid! God wat die waarheid is, is 'n God wat nie kan lieg nie. Dit sê Paulus

reguit aan Titus- *Hy is die God wat nie kan lieg nie*- en dan skryf Paulus ook in aansluiting by Titus ook vir Timotheus- *God bly getrou, Hy kan Homself nie verloën nie*. Wanneer God in Christus vir ons die volle beliggaming van die waarheid is, en ons verstaan wat die Here ook vir Thomas sê dat Ek is die waarheid- dan sê Jesus ook- *Elkeen wat uit die waarheid is, luister na my stem*. Sonder die 9de gebod sal ek nie werklik na Christus kan luister nie.

Na die uitstorting van die Heilige Gees dan moet ons as die Nuwe-Testamentiese kerk dit baie goed verstaan dat die nuwe verbond werk nie deur die leuen nie. Ananias en Saffira is die goeie voorbeeld wat kan gebeur as jy vir die Heilige Gees wil lieg. Hierdie egpaar het baie kort na Pinkster onder aanhitsing van die duiwel die saad van die leuen in die hart van die Pinkster gemeente wou saai. Hulle twee wat lidmate van 'n geheiligde gemeente was, soos ons dit ook is. Petrus het hulle met krag teëgegaan en daarop gewys dat hulle nie vir mense gelieg het nie, maar vir God. As ek werklik nie luister en die waarheid van die evangelie nie wil uitleef nie, dan het jy die Here versoek, soos wat Petrus dit vir Saffira in Hand 5: 9 uitspel- *Waarom het julle ooreengekom om die Gees van die Here te versoek?* Ons weet oor hierdie leuen het hierdie egpaar daar dieselfde dag enkele minute uitmekaar albei dood neergeval en is daar uitgedra om begrawe te word.

Ons is niemand volmaak nie, dit besef ons ook. Dit het ons in Jakobus ook gehoor- *As iemand in woorde nie struikel nie, is hy 'n volmaakte man, in staat om ook die hele liggaam in toom te hou*. Jakobus gryp hierdie waarheid nie maar uit die lug nie, daarom moet ons in die toepassing van die gebod uiters noukeurig te werk gaan. **Ek mag teen niemand valse getuienis aflê, niemand se woorde verdraai, nie 'n kwaadsteker of lasteraar wees nie, niemand onverhoed en ligtelik help veroordeel nie.** Hierdie vier dinge so aanvullend tot mekaar, is verhewe bo wat die duiwel van ons verlang. Die duiwel soek nie maar indirek dat ons moet lieg nie, maar Satan is die direkte oorsaak van die leuen- Daarom dat ons dan ook bely het- **alle vorme van lieg en bedrieg moet ek as die duiwel se eie werke vermy as ek nie die sware toorn van God oor my wil bring**

nie. Weereens besef ons dat as ek werklik my naaste liefhet sal ek ook oor sy reg 'n wagter wees.

God waak ook oor die skending van die reg. God gee nie alleen die regsorde nie, maar God beskerm ook die orde. 'n Regbank is deur God ingestel. 'n Samelewing moet beveilig word en onreg moet gewreek kan word. Dit lê hierdie gebod ook ten grondslag. Regters, advokate, prokureurs, ja ook as jy as getuie in die hof moet wees dan moet ons sorg dat die waarheid oorwin. 'n Regter is daar vir wat die waarheid is. My lewe is dikwels van die waarheid afhanklik. Ek moet sorg dat my naaste sy reg kry. Die Here gee aan sy kinders reg op die waarheid. My woorde moet met sout besprinkel wees, omdat ons ook in verbondenheid tot mekaar staan.

Soos inflasie in die ekonomie maak so kan dit ook in ons woorde gebeur. Hoe laer die inflasie kan wees hoe beter vir die ekonomie. Ons geld wil ons tog nie waardeloos laat word nie, terwyl dit wel kan gebeur dat geld in waarde drasties kan verminder. Dit wat ons in die ekonomie vrees, gebruik ongelukkig baie keer op groot skaal ook in ons woordhandel. Die woorde wat ons met mekaar uitruil, woorde is die geld van ons gedagtes, die ruilmiddel van ons gedagtes...hoe dikwels sien en hoor ons woorde so vol van leuens en sensasie, terwyl dit eintlik net die waarheid moet vertolk.

Dit alles maak dat die geskrewe woord en die gesproke woord onder geweldige hoë inflasie staan, dit word eintlik al meer waardeloos. Daarom dat ons in koerante en tydskrifte baie keer die doel mis wat hulle werklik moet dien. Tydskrifte en koerante verkoop dikwels op grond van sensasie, en vrees hulle die media tribunaal. Ja, dit is verskriklik dat die regering homself as waghond daarvoor ook wil benoem, terwyl as daar maar net na die basiese beginsels van die 9de gebod teruggekeer word, dan sal so 'n tribunaal nie nodig wees nie en die media het niks om te vrees nie.

Ongelukkig staan die regering en die media ewe skuldig voor hierdie gebod en sal daar nie vir enigeen uitkoms wees los van hierdie gebod van die Here nie. As albei eintlik tot in hulle wese verrot en vervuil is, wie kan nou werklik die rot uitruik. Vir albei gaan dit

om hulle eie doel en die hart en die smaak van die massas word gedien. Dit gaan maar baie min om die waarheid. Hoe dikwels word baie leuens toegesmeer onder 'n dun vernissie van die waarheid en dan word sommer alles as waarheid aangebied. Die 9de gebod praat met staat en kerk ewe hard en duidelik. Die media kan nie uitgesluit word nie, want hulle is daar ter wille van die samelewing. Die samelewing is beslis nie daar ter wille van hulle nie, al wil hulle hul dikwels daartoe aanmatig.

Broeder en suster, laat ons ook nie toelaat dat die media ons die waarheid wil leer nie. In 1957 skryf dr. KS van Wyk de Vries dit al- hoe daar met die gedrukte woord ontsettend gelieg word! Ons maak 'n groot fout as ons dink dit het enigsins verbeter. Inteendeel die onderskeid tussen waarheid en leuen is 'n baie kosbare gawe wat mens moet aanleer om werklik te onderskei. Baie keer in 'n enkele sin staan leuen en waarheid bymekaar en dan moet dit in daardie enkele sin onderskei kan word.

Ons bevind ons almal voor hierdie gebod as volkome sondaars. Vir 'n sondaar is daar net heenkome vlug jy met jou sonde na die kruis van Jesus Christus. Laat ons by Hom uitkom wat nie net deur sy Woord die waarheid praat nie, maar Hy is die Waarheid. In Hom kan ons die waarheid liefhê, met ons hele hart, siel, verstand en met al ons kragte. Hoe dikwels besef 'n mens in die mate wat ek die waarheid liefhet vind ek die barometer van my liefde vir God. Ek kan nie God wil liefhê en my naaste haat nie. Die liefde vir my naaste en die reg van God staan weereens gelyk voor ons. Jou liefde vir God is nie reg, as jy jou broeder haat nie- *As iemand sê : Ek het God lief – en sy broeder haat, is hy 'n leuenaar: want wie sy broeder wat hy gesien het, nie liefhet nie, hoe kan hy God liefhê wat hy nie gesien het nie?* Gemeente, ons is gewaarsku, God het ons gewaarsku, laat ons leef uit die waarheid wat God se waarskuwing is.

AMEN

Vrae uit Sondag 43:

1. Hoe word lieg en bedrieg in verband met die duiwel gebring?
2. Op watter wyse het die oortreding van die 8ste en 9de gebod teenoor Nabot 'n rol gespeel?
3. Wie was die eerste diaken waarby ander mense hierdie gebod oortree het en hy is gestenig?!
4. Hoe staan die 5de tot die 9de gebod in hulle verhouding (verband) tot mekaar? (vgl. p. onder aan 1 en bo-aan p.2)
5. In die laaste (10 de gebod) word daar tot ons harte deurgedring. Waarna wil die 9de gebod deurdring?
6. Watter tipe krag het die leuen in die samelewing?
7. Wat is agterklapperij?
8. Waarin is God se liefde gesetel?
9. Motiveer waarom ons die 5de tot die 9de gebod God se "heilige apparaat" kan noem?
10. Gaan dit in hierdie gebod maar net daarvoor dat ek nie mag lieg nie?
11. Is daar 'n verskil tussen hoe die wêreld menseregte vertolk met die reg wat God die mens gegee het? Motiveer. (p.3)
12. Hoe moet ek kyk na die reg wat God vir my naaste gegee het?
13. Is dit moontlik om reg te misbruik? Motiveer.
14. Watter belangrike uitspraak het Jesus in Joh.8:44 gemaak?
15. Op watter terreine van die lewe word ons geroep om reg te spreek? (vgl. laaste paragraaf p.4)
16. Wat word in Jakobus oor die mens se tong gesê?
17. Hoe beskryf Romeine 3 die mens?
18. Kan ek iemand met my tong die graf instamp?
19. Wat sê die Prediker oor 'n goeie naam?
20. Wat is die Pilatus-vraag?
21. Hoe het Jesus daarop geantwoord?
22. Kan ek sonder Christus werklik in die waarheid lewe? Motiveer.
23. Kan God lieg? Kan God Homself verloën?
24. Wat was Ananias en Saffira se sonde?
25. Is dit vir 'n mens moontlik om nooit in jou woorde te struikel nie?
26. Wat is regters, advokate en prokureurs se primêre roeping?
27. Is inflasie op ons woordhandel hoog?
28. Op grond waarvan verkoop koerante en tydskrifte?
29. Watter gawe moet ons kan aanleer?
30. Hoe kan ek 'n barometer van my liefde vir God vind?

SONDAG 43

112. Wat eis die negende gebod?

Ek mag teen niemand valse getuienis aflê nie

Ek mag niemand se woorde verdraai nie

Ek mag nie 'n kwaadstoker of lasteraar wees nie

Ek moet alle vorme van lieg en bedrieg as die duiwel se eie werke vermy

Hoekom?
as ek nie die sware toorn van God oor my wil bring nie

Ek moet in regsake en in alle ander handeling die waarheid liefhê en opreg wees in wat ek sê en bely

Ek moet my naaste se eer en goeie naam na my vermoë verdedig en bevorder